Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

# Die O.B.

Jrg. 7 Kaapstad, Woensdag, 30 Junie. No. 32

# ‚Wonderlike Voorreg Om Volk Binne O.B. te Dien'

**„Nog net 'n paar maande en die Ossewabrandwag is 10 jaar oud. Tien bewoë jare waar grootse verwagtinge dikwels moes plek maak vir diepe teleurstellinge. Geen organisasie in ons volksbestaan was nog ooit met soveel venyn en deur soveel magtige vyande bekamp nie. Dat daar nog iets van hom oorgebly het is aan drie dinge toe te skrywe: volksidealisme, 'n vérsiende leier en 'n skare van manne en vroue so taai as staal," skryf Gebiedsgenl. dr. F. D. du Toit van Zyl in 'n oproep insake 8 Augustus.**

Dis om hierdie rede dat die O.B. gedurende sy tiende bestaansjaar, ten spyte van sy uitgedunde geledere, in staat was om aan twee fronte die stryd te voer en te oorwin— aan die eenkant teen veldmaarskalk Smuts en sy Empire en aan die ander kant teen die volksverdelende partypolitiek. Nooit het die O.B. groter vertoon as gedurende hierdie jaar nie. Hy het getoon welke magtige invloed hy in ons volkslewe is.

**Sy taak is egter nog nie voltooi nie. Solank alle volksgenote nie heg saamgesnoer is deur bande van gemeenskaplike trou aan S.A. nie en solank ons nie 'n republikeinse volkstaat het nie, solank bly die taak van die O.B. onafgehandel.**

### NUWE KRAGTE

Indien sommige moeg geword het van die stryd, is daar nou 'n geleentheid om nuwe kragte in te skakel uit die geledere van die staatsdiens. **Laat ons nie versuim om dit te doen nie.** Laat ons boweal nie versuim om gebruik te maak van die sterk posisie waarin die O.B. hom tans bevind nie.

Ons moet ons oorwinning opvolg. Die stryd vorentoe sal wel makliker wees as dié wat agter lê, maar hy moet gevoer word. **8 Augustus 1948 bied ons 'n wonderlike geleentheid om met behulp van nuwe moed ons**



Dr. F. du T. van Zyl.

**plek vol te staan. Watter wonderlike voorreg het ons om deur die O.B. ons volk te dien!**

# Selfde Regte Vir Almal Sê A.P.

**Die leier van die Afrikanerparty, mnr. N. C. Havenga, en die dagbestuur van die party, het 'n uitnodiging aan alle Afrikaners gerig om by die Afrikanerparty aan te sluit.**

In die oproep word verklaar: „Aan elkeen word die versekering gegee dat daar nie teen hom of haar weens sy of haar verband met enige nie-politieke organisasie, taal of geloof, gediskrimineer sal word nie. **Elkeen sal dieselfde regte geniet en elkeen sal dieselfde pligte hê."** Voorts word verklaar dat die A.P. en H.N.P. sal saamwerk met volle behoud van elkeen se identiteit.

„Indien u nog nie lid van een van die Regeringspartye is nie, sluit dan aan by die Afrikanerparty", aldus die oproep.

# PARLEMENTÊRE FRONT IN VOLGENDE MAANDE DIE BRANDPUNT

## K.G. Versoek Inskakeling Van O.B.'s

**„Die onmiddellike nood vir ons volk is aan die parlementêre front, en die taak van die O.B. in die eerste aantal maande sal hoofsaaklik op hierdie front toegespits moet wees sodat nasionale Suid-Afrika die volgende verkiesing wat miskien binne agtien maande al sal plaasvind, moet wen. Indien dit gebeur, sien ek 'n baie lang tydperk van vrede en rus vir ons volk tegemoet. Die organisatoriese ‚uitheemse' krag in Suid-Afrika sal dan vir minstens twee geslagte lamgeslaan wees," het die Kommandant-generaal, dr. Hans van Rensburg, verlede Dinsdagaand gesê toe hy 'n verteenwoordigende vergadering van Wes-Kaaplandse offisiere in Maitland toegespreek het.**

Die K.G. het die offisiere bedank vir hul trou in die afgelope maande waardeur die O.B. se stryd in belang van ons volkstoekoms beslis gewen is. Dat daar op sommige plekke verwarring geheers het, is te begrype, want die wese van enige stryd is verwarring. **Wat deur offisiere of brandwagte gedoen is, is met die beste bedoelings gedoen volgens elkeen se Afrikaneroortuiging, en daarom moet daar geen verwyte verder wees nie.**

### O.B. GAAN VOORT

**Wat die Ossewabrandwag se taak betref, wil spreker al dadelik verklaar dat daar geen sprake van ontbinding kan wees nie. Ons is eedgenote wat trou gesweer het aan sekere ideale, en mense wat deur 'n eed gebind is, kan jy nie ontbind soos 'n maatskappy wat deur 'n kontrak gebind is nie.** Hulle kan slegs verraad pleeg. Ons het trou gesweer aan sekere ideale, o.a. 'n republiek, en of die **O.B. swak of sterk is, aan daardie ideale bly hy getrou en hy hou aan om daarvoor te veg. Ons gaan nie die instrument stukkend slaan waarmee ons vir daardie dinge veg nie.**

### UNIEKE KANS

As ons nie ontbind nie, moet die O.B. dan afsydig staan? het die K.G. gevra. Spr. meen dat die Afrikanerdom van vandag op die mees kritieke stadium van die afgelope veertig jaar verkeer — en onder krisis ver-

(Vervolg op bls. 8, kol. 1)

# MOSKOU SKOP TITO UIT

**'n Breuk in die Sowjetblok het Maandag plaasgevind toe maarskalk Tito en ander leiers van Joego-Slawië deur die Kominform — organisasie van kommunistiese partye — uitgeskop is, berig S.A.P.A.-Reuter. Hulle is daarvan beskuldig dat hulle teen Rusland en die Rooi Leër propaganda gemaak het. Die Kommuniste van Joego-Slawië is versoek om hulle ook uit die staatsbestuur te skop. Dit is een van die belangrikste gebeurtenisse in Europa sedert die oorgawe van Duitsland.**

„Die O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

# BOERESTELSEL

**Die Engelse pers skeer die O.B. en Kommunistiese Party oor een kam as „on-Suid-Afrikaanse" elemente. Met sy ideaal van 'n partylose republiek staan die Ossewabrandwag met albei bene op Suid-Afrikaanse bodem, soos meegaande foto treffend illustreer. Oom Paul en Schalk Burgers word hier saam gesien tydens die laaste presidentsverkiesing in die Suid-Afrikaanse Republiek. Hulle was albei kandidate, maar anders as in die Britse partystelsel, het hulle saam op reis gegaan en gesamentlik vergaderings toegespreek, want hulle het nie aan twee teen mekaar strydvoerende partye behoort nie dog net aan die volk. In die Britse parlementêre staat is soiets onmoontlik, want die teenstanders moet mekaar beveg, en waar hulle soms wel saam op 'n verhoog verskyn, geskied dit in die gees van 'n hoenderhaangeveg ten aanskoue van die publiek. In die partylose Boere-republiek het Schalk Burgers ná die verkiesing dan ook as „kabinetslid" en later as waarnemende president kon dien en nie as opposisieleier nie.**

**Die foto is geneem deur mnr. Tom Everard van Mosselbaai op die plaas Buffelspoort, Rustenburg, wat dit goedgunstiglik aan Die O.B. geleen het vir gebruik. Voor sit oom Paul en Schalk Burgers, die twee teenkandidate, en links en regs agter staan veldk. Piet Meyer en Piet Kruger, seun van die President. Dit was destyds die taak van die veldkornet — 'n staatsbeampte — om politieke vergaderings te belê en te lei.**



*Maatskappyvergadering :*

# Saambou (Permanente) Bouvereniging

(Geregistreer kragtens die Bouverenigingswet van 1934 soos gewysig.)

**VERSLAG VAN DIE RAAD VAN DIREKTEURE VIR DIE FINANSIëLE JAAR GEëINDIG 31 MAART 1948**

**Op die sesde jaarvergadering van Saambou (Permanente) Bouvereniging wat in Kaapstad gehou is, het die Voorsitter, mnr. G. Moerdyk, die aanwesiges as volg toegespreek:—**

Here,

Namens die Raad van Direkteure heet ek u hartlik welkom op hierdie Sesde Gewone Algemene Jaarvergadering van u vereniging.

Eksemplare van die verslag van die direkteure en van ons finansiële state, wat oor die boekjaar geëindig op 31 Maart 1948 handel, lê voor u. Dit spreek vanself dat dit vir u direksie 'n rede vir blydskap is om so 'n goeie verslag aan u te kan voorlê. U vereniging het besonder goeie vooruitgang gedurende die afgelope boekjaar gemaak en die volgende besonderhede sal u 'n begrip gee van die gesonde posisie wat hy bereik het.

**Bate**

Die bate van u vereniging het gedurende die afgelope boekjaar met £207,511 17s. 2d. vermeerder, teenoor 'n vermeerdering van £97,069 gedurende die vorige boekjaar. Op 31 Maart 1948 het die totale bate £607,047 bedra. (Ek mag net terloops byvoeg dat die bate in die tydperk van 2½ maande wat sedert die sluiting van ons boeke verloop het, met 'n verdere bedrag van nagenoeg £150,000 gestyg het en tans sowat £750,000 beloop). Hierdie vooruitgang getuig van volle vertroue van die kant van die publiek.

**Kapitaal en Deposito's**

Die kapitaal van u vereniging het gedurende die boekjaar 'n vermeerdering van £46,956 getoon en staan op £193,897 10s. 0d. (Sedert 31 Maart 1948 het die kapitaal met meer as £140,000 aangegroei). Deposito's en spaarrekeninge het vermeerder met £152,798, en het £397,827 bedra. Aangesien geld oor die algemeen skaarser word, is hierdie vooruitgang des te meer bevredigend.

**Lenings op Verbande**

U vereniging ondervind 'n toenemende aanvraag om verbandlenings. Hierdie aanvraag oortref die aanwas van ons fondse, en gevolglik is u direkteure in staat om 'n gesonde keuring toe te pas by die toestaan van lenings. In die afgelope boekjaar is daar £162,360 meer op verband uitgeleen as in die vorige jaar, en op 31 Maart het die verbandlenings £505,196 bedra.

**Winste**

Nadat voorsiening gemaak is vir die afskrywing van kantooruitrusting met £624 7s. 11d., kom die winste vir die jaar op £9,212 16s. 1d. te staan. Dit oortref die winste vir die vorige jaar met £2,300 10s. 9d. U direksie beveel aan dat hierdie wins tesame met die balans wat van die vorige jaar oorgebring word, t.w. £1,411 16s. 2d. soos volg aangewend word:—

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| 4% Dividend op aandeel-kapitaal ... ... | 5,755 | 11 | 5 |
| Dividend op Subskripsie-aandele ... | 52 | 0 | 0 |
| Vermeerdering van die Statutêre Reserwe ... ... ... | 921 | 0 | 0 |
| Afskrywing van premie op Staatseffekte ... ... ... | 820 | 11 | 4 |
| Balans na volgende Boekjaar ... ... ... | 3,075 | 0 | 0 |
| | £10,624 | 12 | 3 |

**Toekomsplanne en vooruitsigte**

Die beginjare is altyd die kritiekste tydperk in die bestaan van alle finansiële instellings. U vereniging het ook maar 'n sukkel-bestaan gevoer tot 1945. In daardie jaar het hy die ondersteuning verkry van SANLAM en in mindere mate ook van 'n paar ander Afrikaanse instellings, wat diep onder die indruk was van die noodsaaklikheid van 'n groot en sterk Afrikaanse Bouvereniging en die goeie vooruitsigte van Saambou. Die vooruitgang van u vereniging dagteken dan ook vanaf daardie jaar, soos duidelik deur die volgende syfers aangetoon word:—

| Jaar geëindig 31 Maart | Totale Fondse | Winste |
|---|---|---|
| 1944 | £83,729 | —£1,561 |
| 1945 | £233,292 | £1,145 |
| 1946 | £302,467 | £3,414 |
| 1947 | £399,535 | £6,912 |
| 1948 | £607,048 | £9,213 |

Die fondamente van Saambou is stewig gelê, en langsamerhand verrys daar nog 'n groot Afrikaanse finansiële instelling op 'n terrein wat nog nie tevore deur die Afrikaner betree is nie.

Op hierdie fondamente moet ons nou verder saambou sodat u vereniging hom van sy taak kan kwyt, nl. die voorsiening van eie wonings vir die burgers van hierdie land. Vir hierdie doel moet die spaargelde van die gemeenskap ingesamel word. Gelukkig is Saambou reeds in die posisie om aan geldbeleggers terme aan te bied wat gunstig vergelyk met selfs dié van die grootste bouverenigings van ons land. Vir elke klas belegger kan ons 'n gepaste belegging aanbied. Op vol-opbetaalde aandele en subskripsie-aandele betaal ons die gebruiklike dividend van 4%; op vaste deposito's word van 3 persent tot 3½ persent betaal; en op spaarrekeninge 2½ persent.

Met die uitbreidingsplanne van die direksie word daar goed gevorder. Op baie dorpe en stede van ons land is plaaslike agente reeds aangestel. 'n Inspekteur in die persoon van mnr. P. de Waal is onlangs aangestel om hierdie agente by te staan om nuwe agentskappe te stig.

**Dankbetuiging**

Graag betuig ek my dank aan my mede-direkteure vir hulle waardevolle hulp en aan ons personeel vir hulle ywerige en lojale dienste — in Saambou werk ons geesdriftig saam! Ons hoofbestuurder, mnr. J. Theron, verdien besondere vermelding. Die vooruitgang wat in die afgelope jaar aangeteken is, is tot 'n groot mate aan sy onvermoeide ywer en gesonde bestuur toe te skryf.

Met die aanstelling van mnr. M. G. Botha as bestuurder van Pretoria tak is die kantoor op 'n baie gesonde basis geplaas en wil ek mnr. Botha in besonder bedank vir die goeie vordering wat ons Pretoria kantoor reeds in die korte tyd onder sy bekwame bestuur ondervind het.

(Advt.)

*DIE VERKIESING:*

# WIE HET IN AFGELOPE VERKIESING GEDRAAI ?

Dis opmerklik hoeveel uiteenlopende menings geopper is vir die onlangse nederlaag van die Verenigde Party in die algemene verkiesing. Daar is die mening wat onder andere deur oudminister J. H. Hofmeyr uitgespreek is dat die hoofoorsaak te vinde is in die algemene ontevredenheid van groot seksies met die tekorte en ander alledaagse ongeriewe wat die gevolg is van die oorlog. Minister N. C. Havenga het in die verkiesing gesien die oorwinning van Nasionalisme. Die redakteur van die Natal Daily News spreek die mening uit dat die V.P. veral veld verloor het onder die soldate.

Die rede wat algemeen aangevoer word van Nasionale kant is dat die verkiesingsuitslag tot 'n groot mate toegeskryf moet word aan die reaksie van die kieserspubliek op die kleurbeleid van die Verenigde Party. Dan word van Verenigde Partykant dikwels aangeroer dat die verkiesingsuitslag 'n bewys is van die verderflike invloed van die Broederbond, aan 'n uitgebreide fluisterveldtog wat geslaag het. Laasgenoemde oorsaak ontbreek egter by die meer verantwoordelike kommentators.

**TAALGROEPE**

Wat betref die relatiewe steun wat die partye van die verskillende volksgroepe gekry het, het ons die mening van sommige Nasionale leiers, wat ook deur Die Vaderland aangevoer is, naamlik dat duisende Engelssprekendes hierdie keer vir die Nasionale Partye gestem het. Die Forum het gemeen dat die Verenigde Party baie van sy Afrikaanssprekende ondersteuners verloor het en betreur dit dat die Engelse Verenigde Party-pers nie meer simpatiek is teenoor die Afrikaanse kultuur nie. Daar was byvoorbeeld geen protes van hulle kant teen sekere skerp anti-Afrikaanse uitlatings van die Union Review nie. Van verskeie kante, veral van O.B.-kant is die mening gehuldig dat die verkiesingsoorwinnings tot 'n groot mate daaraan toegeskryf moet word dat daar 'n veel groter mate van Afrikanersamewerking was as in 1943.

**WENSDENKERY**

Nou moet onthou word dat meeste van hierdie menings nie vry is van 'n mate van wensdenkery nie. Mnr. J. H. Hofmeyr sien graag in die beheerstelsel, behuisings- en ander tekorte die oorsaak omdat hy weet dat die Nasionale Party daar nie veel aan sal kan doen nie en dat dit onwaarskynlik is dat daar b.v. nou skielik genoeg huise vir almal sal wees. Met 'n volgende verkiesing sal hierdie mense om dieselfde rede weer teen die huidige regering stem. Die Ossewabrandwag het hard probeer om by wyse van formele ooreenkomste en andersins Afrikanereenheid te verkry. Hierin sien hulle dus die rede vir die oorwinning van die Afrikanergroepe in minstens tien kiesafdelings. Die Nasionale Party voel dat terwyl al hul parlementslede Afrikaanssprekendes is, die land nie daarom moet meen dat hulle sonder steun is onder die Engelssprekendes nie.

Dit is moontlik na my mening om deur 'n ontleding van die uitslae hierdie menings krities te ondersoek. **Dit is trouens na my mening moontlik gewees om reeds voor die verkiesing te voorspel dat die Verenigde Party 'n baie ernstige terugslag sou kry en dit was ook algemeen verwag dat die meeste waarvoor hulle kon hoop 'n skrale meerderheid oor alle ander partye was.** Trouens persone wat die uitslae van die 1943 verkiesing en die tussenverkiesings sorgvuldig ontleed het, het tot die gevolgtrekking gekom, reeds voor die verkiesing, dat die waarskynlikste uitslag sowat 80 setels was vir die V.P.-Arbeiderkombinasie en 70 vir die Afrikaanse partye. Dit was dan ook min of meer die voorspelling van 'n goedingeligte blad soos die Forum. Die Nasionale kombinasie het sowat tien setels meer verower as wat redelikerwys verwag kon word. Dit was omdat geen mens verwag het dat die Verenigde Party op die platteland sou bly met slegs vier kiesafdelings in Natal en sewe in die Kaapprovinsie nie. Die algemene verwagting was dat die Oos-Transvaal wat tradisioneel Sap was, sowat vier V.P.-lede sou verkies. In Natal was die verwagting dat die Nasionaalgesindes net in Vryheid sou seëvier; terwyl gemeen is dat die V.P. darem twee meer setels in die Boland sou verower as wat hulle gekry het.

**Hierdie is die eerste van 'n artikelreeks waarin 'n deskundige sy ontleding gee van die afgelope verkiesingsuitslag en tot gevolgtrekkings kom wat belangrik is vir toekomstige taktiese oorwegings.**

**WERKLIKE OORSAKE**

In hierdie reeks artikels sal ek probeer om deur 'n analise van die verkiesingsuitslae en sekere ander gegewens die werklike oorsake vir die oorwinning van die Nasionaalgesindes aan te toon.

*Deur Navorser*

**Na my mening is dit beslis nie te wyte aan die irritasiestelsel nie, want in baie setels waar die V.P. agteruitgegaan het, het daar 'n besondere mate van voorspoed geheers. In die stede waar die tekorte die sterkste gevoel is, is die V.P.-kandidate oor die algemeen met rekordmeerderhede verkies. Ook kan ek nie in die uitslae enige tekens bespeur van 'n merkbare steun vir die Nasionale groepe onder Engelssprekendes nie. Tot so 'n mate het die V.P. daarin geslaag om die Engelse in hulle geledere te verenig dat selfs mnr. Marwick wat sy kiesafdeling nou al 27 jaar lank verteenwoordig, verslaan is.**

**VERRASSING**

Na my mening moet enige verklaring van die verkiesingsuitslae 'n verklaring gee vir die verrassingsaspek van die uitslag. Die enigste verklaring wat ek aan kan dink is dat die organisasies van beide kante nie bewus was van baie persone wat in 1943 anders gestem het as in 1948. Daar was sekere persone wat wel gedraai het. Dit was reeds voor die verkiesing duidelik dat die nasionale partye nie sonder steun onder die soldate was nie en in die Oos-Transvaal het die moeilikhede wat die vorige regering in Bethal veroorsaak het, die gevolg gehad dat hulle van hul ondersteuners verloor het. **In die land as 'n geheel egter het die partyorganisasies nie van veel Sap-ondersteuners geweet wat nou Nat gestem het nie.**

**NIE GEDRAAI**

In my volgende artikel sal ek aantoon dat daar na my mening behalwe in sekere uitsonderlike gevalle soos dié in Oos-Transvaal ook nie baie gevalle voorgekom het waar mense gedraai het nie. **Die vordering van die Nasionaalgesindes lê in die groot voorsprong wat hulle onder die duisende jong Afrikaners het wat in 1948 vir die eerste keer gestem het. Dit is na my mening die hoofoorsaak.** Amper net so belangrik is die feit dat baie Afrikaners uit Nasionale huise hulle weens oorlogsomstandighede in die leër bevind het en nou weer gestem het waar hulle hart was. **Die derde hoofoorsaak is die veel groter mate van Afrikanereenheid wat die gevolg was van die Malan-Havenga ooreenkoms.** Dan is daar die feit dat die Nasionaliste en hul bondgenote met die afgelope verkiesing sonder twyfel veel beter georganiseer was as in 1943.

**1200 PER SETEL**

Die „ommeswaai" was sowat 1200 per kiesafdeling en ek sal probeer aantoon hoeveel hiervan aan elk van die hoofoorsake toegeskryf moet word. Dit sal bemerk word dat ek oorsake wat te vinde is in die relatiewe beleide van die twee hoofgroepe nie noem nie. Ek doen dit met opset nie omdat dergelike faktore grotendeels nie in syfers gemeet kan word nie. Dit is natuurlik die beleid van die Nasionaalgesindes wat die jong Afrikaners getrek het, en dit is moontlik die kleurbeleid van die Verenigde Party wat die Afrikaners tot so 'n groot mate verenig het. Die doel van die artikels is om eers vas te stel wie gedraai het. Dan, voel ek kan 'n mens met meer vrug bespreek waarom hulle gedraai het en wat die waarskynlike politieke tendens in die toekoms sal wees.

## SMUTS TERUG NA VOLKSRAAD

Dit is nou feitlik seker dat veldm. Smuts L.V. vir Pretoria-Oos sal word. Die H.N.P. het aangekondig dat hulle geen kandidaat teen veldm. Smuts in die tussenverkiesing sal stel nie. Die party sal ook nie 'n onafhanklike kandidaat wat hom verkiesbaar stel, steun nie.

## Dr. M. S. Louw Voorsitter Van Saambou

Op die jongste direksievergadering van Saambou (Permanente) Bouvereniging is dr. M. S. Louw, besturende direkteur van Sanlam, gekies tot voorsitter van die direksie van Saambou en mnr. Gerard Moerdyk as ondervoorsitter.

Saambou is een van die jongere Afrikaanse finansiële ondernemings wat in die afgelope paar jaar met reuse-skrede gevorder het. Dit is die enigste Afrikaanse bougenootskap in ons land. Met totale fondse in 1944 op £83,729 het die onderneming dit tot op 31 Maart hierdie jaar opgeskuif na £607,048. Sedertdien het die kapitaal met nog £150,000 aangegroei.

# Behoefte Steeds Groter Vir Beter Stelsel

**Die gebreke en ondoeltreffendheid van ons stelsel van plaaslike owerhede kom die afgelope tyd vanweë sy onvermoë om in die nuwe behoeftes te voorsien, al meer en meer in die kalklig en word steeds aan skerp kritiek in die pers onderwerp.**

Met verwysing na die begroting van £23,000,000 wat onlangs deur die Johannesburgse stadsraad ingedien is, skryf Die Transvaler, orgaan van die regering, as volg in 'n hoofartikel:

„Die begroting is ingedien deur 'n stadsraadslid wat uiteraard maar 'n klein deel van sy tyd aan die stad se finansiële sake kon bestee. Dit moes ook behandel en goedgekeur word deur stadsraadslede wat 'n nog veel geringer deel van hul tyd aan die bestuur van die stad kan wy. Aan die hoof van die stadsbestuur staan verder steeds 'n man wat slegs vir 'n tydperk van 'n jaar gekies word en wat ook maar 'n deel van sy tyd vir die afwikkeling van sake van die stad kan afstaan, en heelwat hiervan aan sosiale pligte moet wy.

### SOOS MINISTERS

**„Nogtans word hierdie begroting waaraan so weinig tyd bestee kon word, deur die ampsdraers van die stad, selgs deur dié van 'n voltydse Minister van Finansies en Vervoer, oortref. Die begroting van die Johannesburgse stadsraad oortref nl. dié van die vier Provinsiale Administrasies sommer baie ver.**

„Aan die hoof van elke Provinsiale Administrasie staan nogtans 'n Administrateur wat al sy aandag aan die bestuur van die provinsie wy. Hy word verder bygestaan", gaan die blad voort, „deur 'n Uitvoerende Komitee waarvan die lede gedurig bymekaar kom om sake te bespreek. **Die begroting word aan die Provinsiale Raad voorgelê wat dae en weke lank aandag aan die besteding van die geld wy.**

### ONGESOND

**„Hierdie vergelykings toon hoe ongesond grootstadsbestuur in Suid-Afrika geword het,"** verklaar die blad, **en wys daarop dat die huidige bestuur nie meer demokraties is nie maar burokraties en vra of verandering nie nodig is nie.**

Die Ossewabrandwag het reeds herhaaldelik aangetoon onder watter gebreke ons huidige stelsel van plaaslike owerhede gebuk gaan. Dat daar nou ook in toenemende mate stemme teen die tekortkominge opgaan, toon dat daar meer en meer besef word dat verandering nodig word.

### O.B.-BELEID

**Onder die huidige stelsel is daar geen sentrale en toonaangewende volksbeleid nie; daar is botsende provinsiale en stadsbeleide. Om hierdie swakheid uit te skakel, bepaal die tweede beleidspunt van die O.B.:**

**„Om die huidige parlementêre, provinsiale en munisipale instellings te vervang, moet daar een kragtige en deskundige gesagsregering wees oor die hele land met inskakeling van ware volkseen beroepsverteenwoordiging op alle gebiede en in alle belange."**

Onder so 'n stelsel kan die gebreke nie voorkom waar oor nou kommentaar gelewer word nie.

# VREES STELSEL SE SWAKHEDE

**Vrees dat die regering dit moeilik sal vind om te regeer vanweë die gebreke van die Britse parlementêre stelsel waaronder ons leef, word uitgespreek in 'n hoofartikel van Die Noord-Transvaler.**

Na aanleiding van die verkiesing skryf die blad dat verwag kan word dat die Opposisie die taak van die regering so moeilik as wat hy maar kan sal maak, en vervolg:

„Ofskoon die Opposisie-Party in die Britse Parlementêre stelsel veronderstel is om die Regerende Party op die regte koers te hou en opbouende kritiek te uiter, vind ons dat dit nie altyd in die praktyk gebeur nie.

„Dit is hier waar die partypolitieke stelsel faal omdat die verskillende partye nie altyd net die belange van die land op die hart dra nie, maar self na mag sug. Om die teuels in die hande te probeer kry, word alles in die vermoë gedoen om die Regerende party in onguns te bring. Die werklike belange van die land word dan tweede gestel.

### VERDRAAI

**„Hoe goed 'n voorstel dit ook al mag wees, daar word maar altyd mee fout gevind. Dit word verdraaid aan die volk voorgestel sodat daar ontevredenheid met die Regerende Party by die Volk kan bestaan.**

„Veral waar die party wat die bewind voer, slegs op so 'n klein meerderheid kan staat maak, kan verwag word dat die Opposisie Party dit vir hom gaan probeer onmoontlik maak om te regeer."

„Die taak van die opposisie is om opbouende kritiek in die volksraad te uiter, nie om 'n stok in die wiele van die Regerende Party te steek elke keer as laasgenoemde iets probeer onderneem wat ten goede van almal behoort te strek nie. Die volk het gekies. Daar lê 'n toets vir demokrasie en die demokratiese stelsel voor."

Die blad verklaar ten slotte dat daar reeds in die verlede afbreek gedoen is aan die prestige van die volksraad en vra of daar in die krisis-tydperk wat voorlê nog meer hieraan gedoen sal word.

# Beperkings Opgehef

Unie-burgers wat nog onder beperkings van die noodregulasies onderhewig was, is verlede week daarvan onthef, volgens 'n aankondiging van die Minister van Justisie, adv. C. R. Swart.

Baie persone is nadat hulle losgelaat was uit die interneringskampe, onder 'n soort parool geplaas wat hul bewegings tot 'n sekere mate beperk het. 'n Aansienlike aantal burgers was nog aan hierdie beperkings onderhewig.

Daar is egter nog 460 Duitsers wat nog nie van die beperkings vrygestel is nie.

# NUWE GROEI VAN AFRIKANERPARTY

Die sekretaris van die Afrikanerparty van Wes-Kaapland deel Die O.B. mee dat daar toenemende belangstelling vir die party merkbaar is. Vanaf verskeie plekke het hy spontane aanbiedinge ontvang van goedgesinde persone om met die organisasie van die party behulpsaam te wees.

Mnr. Havenga se bydrae tot die verkiesingsoorwinning word allerweë erken en daar is 'n ernstige en dringende begeerte om die oorwinningsbydrae van die Afrikanerparty vir die volk te behou en te versterk deur die doeltreffende inskakeling in die party-organisasie van daardie duisende Suid-Afrikaners wat vir die regering gestem het weens hul vertroue in mnr. Havenga en die beproefde beginsels van Hertzogisme.

**In Kaapland het die party 'n geweldige stoot vorentoe gekry deur dat dr. F. D. du T. van Zyl lid van die party geword het.** Kragtige uitbreiding van die party kan in die eersvolgende maande verwag word.

# Dewey Moontlik President

Thomas E. Dewey is verlede week eeparig tot Republikeinse kandidaat vir die Amerikaanse presidentsverkiesing aangewys. Nadat hy aanvanklik sterk teenstand geniet het, het die ander sterk kandidate, Taft en Stassen, hul steun aan hom toegesê.

Daar word algemeen aangeneem dat pres. Harry Truman weer die kandidaat van die Demokrate sal wees. Die verkiesing vind in November plaas.

(Vervolg van bls. 6, kol. 5)

gestuur word. En laat ook dieselfde gebeur met ander koerante en tydskrifte. Vergeet die twis en bou aan die mure van ons volk. Dis nie net iets wat kan nie, dit **moet**! Dit is 'n roeping wat ons deur God opgelê is.

(Die redaksie wil graag die wenk van mnr. Kempff aanvaar, en indien daar van ons lesers bereid is om ook in te staan vir die versending van ons blad na Nederland waar dit onder oë van koerantmanne kan kom, sal dit verwelkom word. 'n Ruilstelsel kan later hieruit ontwikkel. —Red.)


„Ek waardeer hul strelende sagtheid!"

sê Mnr. H. S. Bosman, Staatsamptenaar, Pretoria.



Gedurende die afgelope tien jaar het ek aktief aan sport deelgeneem en ek het sodoende uitgevind dat Springbok sigarette inderdaad „die Sportman se keuse" is! Ek hou van hul aangename geur en waardeer hul ekstra grootte en strelende sagtheid.

Meer mans rook Springbok as enige ander sigaret!

HIERDIE FEIT IS BEWYS DEUR ONLANGSE UNIE-OPNAMES DEUR ONAFHANKLIKE NAVORSINGS-ORGANISASIES.

Dwarsdeur die Unie het manne van alle stande—skrynwerkers, klerke, maatskappy-direkteure—oorweldigend hul keuse uitgebring op Springbok.

*Geniet Suid-Afrika se vooraanstaande sigaret—probeer Springbok vandag!*

SPRINGBOK

DIE SPORTMAN SE SIGARET



*Hulle gee my meer rookgenot. Ek geniet hul egte, suiwer tabaksmaak.*

H. K. Hawes

20 vir 1/-

Ook in pakkies van 10 en 50. Met en sonder kurkmondstuk.

U/S. 335.

EXCELSIOR Meubels BPK.

***Bied u u Huishoudelike Benodigdhede teen die Laagste Pryse aan.***

MAKLIKE VOORWAARDES WORD GEREËL

**Besoek ons te:**

**JOHANNESBURG** - - - - **Pleinstraat 40**
**PRETORIA** - **H/v Andries- en Pretoriusstrate**
**KAAPSTAD** - - - - - - **Pleinstraat 47/49**
**BLOEMFONTEIN** - - **St. Andrewstraat 123**
**KROONSTAD** - - - - - - **Cross-straat 42**
**VEREENIGING** - - - - - **Marklaan 17C**
**POTCHEFSTROOM** - - - - **Kerkstraat 108**
**FICKSBURG** - - - - - - - - **Markplein**

**In u eie keuse van materiaal teen slegs 15/- per week.**



**Excelsior Meubels Beperk, Posbus 6670, Johannesburg**
Stuur Gratis Katalogus
Naam ..........................
Adres ..........................
..........................
..........................
OB

A.V.B.O.B.

**Lykbesorgers, Grafsteenmakers, Begrafnisversekeraars**

**Bloemfontein — Pretoria**
**154 Takke**

**PLUIMVEE**

**Die Beste Firma om u PLUIMVEE EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:**

**C. M. ELOFF EN KIE.**
**(Edms.) Bpk**
**MOREMARK (Posbus 7185) Newtown**

DIE O.B., WOENSDAG, 30 JUNIE 1948

# OP EIE BODEM

Onderwyl genl. Smuts besig is om die wêreld te waarsku teen die groot gevaar van die kommunisme met sy nuwe tegniek van stille verowering, is die Engelse pers besig om terwille van partypropaganda uit hul pad te gaan om die kommunistiese gevaar te verkleineer. In 'n spotprent van die Cape Times word die Ossewabrandwag voorgestel as 'n reuse-reptiel agter min. C. R. Swart wat met 'n byl mik na die kommunistiese wurmpie. Na die gesamentlike protesgeskreeu van kommuniste en Verenigde Party-jingo's teen die vrylatings van politieke gevangenes, kan mens begryp dat die verbroedering ook sal meebring dat die Verenigde Party-mondstukke die kommuniste weer as gawe mense sal voorstel soos tydens die oorlog toe hulle Afrikaners wat geweier het om Josef Stalin as kameraad te aanvaar in 'n stryd om die „demokrasie en Christendom", in die tronke gestop het.

Die Cape Times het dit dan ook nodig geag om 'n lang hoofartikel te wy aan die moontlikheid van 'n verbod op die Kommunistiese Party in Suid-Afrika. Hy spreek die mening uit dat die een of ander soort „heksejag" op tou gesit sal word teen die Kommuniste, en as die ergste dan tog moet gebeur, dan wil die blad voorstel dat die regering die Amerikaanse voorbeeld moet volg deur 'n kommissie van ondersoek na on-Suid-Afrikaanse bedrywighede in te stel. **Saam met die Kommuniste sal dan ook oor een kam geskeer moet word organisasies soos die Ossewabrandwag en Broederbond.**

### VOLKSVREEMD

Dit het die Cape Times vir die oomblik seker ontgaan dat enige ondersoek van en aanbevelings oor „on-Suid-Afrikaanse bedrywighede", naas die Kommunistiese Party, **die Verenigde Party en sy pers sal tref. Geen organisasie behalwe dié wat hulle besieling uit Moskou ontvang, het hom groter skuldig gemaak aan „on-Suid-Afrikaanse bedrywighede" as die Verenigde Party nie.** Tot so 'n mate was dit tydens en na die oorlog die geval dat selfs nie-blankes, ten spyte van die Verenigde Party se rassepropaganda, teen die Smutsbewind gestem het as gevolg van sy uitheemse beleid.

Ook ideologies staan die Cape Times en sy geesgenote glad nie op 'n Suid-Afrikaanse grondslag nie, tensy die Britse instellings wat hierheen ingevoer is as „Suid-Afrikaans" beskou word in dieselfde sin as wat die Union Jack as 'n Suid-Afrikaanse vlag beskou word net omdat hy ook in Suid-Afrika wapper kragtens 'n veroweringsreg.

**Maar dan heet ook die Kommunistiese Party met sy ingevoerde propagandiste „Suid-Afrikaans", en is die gevaar ook nie uitgesluit nie dat die Cape Times nog eendag die hamer en sekel as „Suid-Afrikaanse" simbole sal moet aanvaar tesame met die Sowjet-stelsel wat dan ook ingevoer sal word net soos in die geval van die instellings en simbole wat die Cape Times vandag teenoor die eg Afrikaanse partylose republikeinse ideaal van die Ossewabrandwag uithang as maatstaf van wat Suid-Afrikaans behoort te wees.**

Dit sal die Cape Times betaal om hom te bepaal op die gebied waar hy 'n deskundige behoort te wees, naamlik alles wat Brits is. **Dit betaal hom beslis nie om hom uit te spreek oor dinge wat in Suid-Afrika gegroei het op natuurlike bodem nie: Republieke wat partyloos was.**

# 400 NUWE INTEKENARE BINNE TWEE MAANDE

**„Die Ossewabrandwag het die afgelope ses weke met rasseskrede vooruit geskiet," het die K.G. verlede week in Kaapstad voor die offisiere van die Skiereiland en omstreke verklaar. Die K.G. het na die politieke toestand verwys, maar die vordering wat die Ossewabrandwag gemaak het, kan nie beter weerspieël word nie as deur die nuwe belangstelling wat daar van die kant van die publiek na ons blad uitgaan.**

**Sedert die verkiesing het reeds byna 400 persone nuwe intekenare op Die O.B. geword. In die afgelope maand alleen is die getal reeds 200 terwyl dit vir Meimaand 177 was.**

Hierdie nuwe intekenare is hoofsaaklik deur offisiere van die O.B. gewerf en is 'n duidelike bewys van wat gedoen kan word as elke offisier en lid maar net 'n bietjie uitspring. **Sommige offisiere het reeds 39 nuwe intekenare gewerf, maar daar is nog baie wat niks in die verband gedoen het nie.**

Die Ossewabrandwag kan alleen sy ideale verwesenlik as die volk kennis dra van sy strewe en die vooroordeel wat sessewe jaar lank teen die O.B. opgehoop is, uit die weg geruim word. Dit is nou die tyd om uit te slaan na buite toe. Laat elke lid sy plig doen, en laat ons ons intekenarelys in terme van duisende uitstoot. Dit kan!

## Dra U Deel By

**Deur die ywer van baie Brandwagte ontvang ons daeliks nuwe intekenare op Die O.B. Het u al 'n intekenaar op Die O.B. gewerf sodat die volk kan kennis dra van die O.B. se standpunt? Vra u goedgesinde vriende om op Die O.B. in te teken. U lees sy koerant en is dit nie billik dat hy ook u koerant lees nie?**

# ROL VAN PARTYE ANDERS IN V.S.A. AS BRITTANJE

**In 'n vorige artikel is daarop gewys dat die moderne strekking in die ortodokse parlementêre stelsel volgens Britse patroon dikwels is om die regerende party minstens tydelik in 'n byna diktatoriale posisie te plaas. In Suid-Afrika en die ander vrygeweste word dié tendens nog vryer teuels gegee as in Brittanje weens die feit dat die Kroon deur 'n goewerneur-generaal — alte dikwels 'n speelbal van die partypolitiek — verteenwoordig word, en nie deur 'n eeue-oue pres tigeryke koningshuis wat as neutrale skeidsregter die Eerste Minister soms in belang van die volksgeheel kan beteuel nie. Selfs in Brittanje egter is hierdie rem onvoldoende.**

In die lig van bostaande is dit interessant om na te gaan wat die posisie in die V.S.A. is. Daar is ook twee groot partye. Daar is ook twee wetgewende huise. Maar dit is ook omtrent sover as die gelykenis gaan. Waar dit reg sou wees om die Britse regeringstelsel as 'n partystelsel te beskryf, sou dit nie 'n rake beskrywing van die stelsel van die V.S.A. wees nie.

### DIE BRITSE STELSEL

In die Britse stelsel, wat ook in die Unie in gebruik is, is daar gewoonlik minstens twee groot heg-georganiseerde partye of partygroepe wat alternatiewelik die land regeer. **Die hoofleiding van die partye beheer buite en binne die parlement die betrokke partye met 'n ysterhand. Buite die parlement is die keuring van kandidate tot die grootste mate in die hande van die partyleiding; binne die Parlement word die optrede van die lede streng deur die betrokke koukus bepaal. As die betrokke party die bewind in hande het word die landsbeleid feitlik deur die koukus en binne die koukus deur die leiding van daardie party neergelê.**

### PARTY REGEER

Aangesien die regerende party die Parlement met sy meerderheidstem beheer is dit derhawe nader aan die waarheid om te sê dat die party regeer as om te sê dat die parlement regeer. Hoewel daar op die algemene reël soms uitsonderings voorkom en die partydissipline swig voor opstandige elemente, bly dit in hoofsaak waar dat die volksraadslede in die eerste plek van hul partyleiding afhanklik is en daardeur gekeur word, verder dat hulle aan die partyleiding getrou bly en dat die plaaslike of besondere groepsbelange van hulle kiesers alleen binne die ruimte deur die partytrou toegelaat effektief is. In die Unie se politiek is volop bewyse vir die waarheid van bostaande.

### KAN NIE ANDERS

**Die toestand hierbo geskets is dan ook die logiese uitvloeisel van die staatstelsel soos uit Brittanje oorgeneem. Om die staatsmasjien soos saamgestel anders te laat werk sal in die plek van partytirannie chaos in die hand werk. Daarom is hierdie neiging van die partyleiers tot outokratiese optrede binne die party, en, so gou as die party regeer, tot outokratiese optrede met die landsregering, so sterk, so natuurlik, en diepgaande. Hoever dit ontwikkel het, het die Smutsbewind gedurende die oorlog getoon.**

### DIE STELSEL VAN DIE V.S.A.

Die teenstelling met die V.S.A. is 'n skrille.

Behalwe dat die Hooggeregshof van die V.S.A. daar gestel is om die grondwet ook teen die regering van die oomblik te beskerm, soos selfs die magtige Roosevelt moes uitvind, is die partydissipline binne die twee groot partye, die Demokrate en die Republikeine, baie minder streng as onder die Britse stelsel. In hierdie verband is die opmerkings van moontlik die grootste gesaghebbende op sy gebied, Pendleton Herring, van die Universiteit van Harvard, besonder insiggéwend. In 'n verhandeling oor **Presidential Leadership** (1940) neem hy die posisie in oënskou.

### DEMOKRASIE

Herring behoort tot die moderne skool van realiste en beoordeel elke deel van die staatsmasjien streng volgens prestasies. Hy skryf met die saaklike pen van die wetenskaplike, nie

*Deur ,Toeskouer'*

met die selfbegoëling van die s.g. idealistiese demokrate nie. Sy verklaring van demokrasie is tekenend:

„Democracy can mean government of the people, by the people and for the people only in a symbolic sense. **It is sheer poetry and to be treasured for that reason.** But when democracy is analyzed, not in the language of its high prophets but in terms of its behaviour, we observe that it is a system and an attitude of mind that tolerates many elites in many groups jostling and struggling."

Hy gaan dan voort om te bespreek hoe uit die botsings van die groepe sentrale beheer en beleid tevoorskyn gehaal moet word, wat die taak van die s.g. demokratiese staatstelsel is. Die gesag waarmee Herring praat word deur die regering van die V.S.A. erken en hy word dikwels amptelik geraadpleeg.

### PARTYE IN DIE WETGEWENDE HUISE

**In sy genoemde verhandeling toon hy aan dat die lede van die huis van verteenwoordigers, waar afsonderlike kiesafdelings verteenwoordig word, in belangrike sake dikwels hulle party in die steek laat. Elke lid beskou homself in die eerste plek as** verteenwoordiger van sy kiesers. **Sy kandidatuur word ook nie deur die partyleiding gekontroleer nie; hy is dus nie vir sy politieke loopbaan van die party afhanklik nie. Hy word deur sy plaaslike kiesers tot verantwoording geroep.**

In die senaat, waar state verteenwoordig word, is die partybeheer ewe min. **Belangrike maatreëls van 'n Republikeinse president met 'n meerderheid van sy party in die senaat sowel as in die huis van verteenwoordigers word dikwels op die wetboek geplaas slegs met die hulp van afvalliges uit die Demokratiese Party, omdat die Republikeine dit in groot getalle in die steek laat. Andersom geskied dieselfde.**

### NIE AFHANKLIK

Aan die ander kant is daar ook nie so 'n sterk dryfveer as by die Britse stelsel om as party saam te staan nie; immers die bewind van die betrokke president met sy kabinet kan deur 'n neerlaag wel gestrem word maar hoegenaamd nie uit die weg geruim word nie. Hy dien sy vier jaar uit. 'n Britse Eerste Minister sou moontlik moes bedank het. **Is 'n President dus eenmaal gekies is die partymasjien as middel om die bewind te handhaaf nie so belangrik nie.**

Erger nog: halfpad deur die presidensiële termyn van vier jaar verval die hele huis van verteenwoordigers en 'n derde van die senaat . Die verkiesings mag 'n hele magsverskuiwing meebring. So het ons tans die toestand dat die Demokraat Truman met 'n meerderheid van die Republikeine in die senaat en in die huis van verteenwoordigers die land moet regeer.

### PRESIDENT VERTEENWOORDIG HELE VOLK

Die gevolge van dié vir-ons-ongekende reëling:—

**Die V.S.A. het nie 'n partystelsel soos ons dit verstaan nie. In die president word die nasionale beleid verpersoonlik, die Verteenwoordigers handhaaf veral plaaslike belange, die Senatore veral wyere seksionele belange.** Die president se maatreëls gaan deur tot dié mate wat hy in staat is om die wetgewende huise en die wye publiek wat hulle kies van die noodsaaklikheid en redelikheid van sy beleid te oortuig. **Diegene wat obstruksie maak moet aan sy kiesers verantwoording doen.** Elke president maak tot 'n sekere mate gebruik van die steun en ook van die persone van albei partye; en, soos Herring sê:

„We have no national bosses comparable to British party leaders."

## FONDSDAG 1948

**SENTRALE FEESTE — GEBIED F**

**ter herdenking aan die Ossewatrek en die viering van die Tiende Verjaardag van die Ossewabrandwag**

**RUSTENBURG** (7 Augustus):
**Hoofgeneraalskap F5, F6, F7 en F9**

**POTGIETERSRUST** (14 Augustus):
**Hoofgeneraalskap F2 en gedeelte van F10**

**LOUIS TRICHARDT** (21 Augustus):
**Hoofgeneraalskap F1 en gedeelte van F10**

**PRETORIA** (11 September):
**Hoofgeneraalskap F4 en F12**

**BELFAST** (18 September):
**Hoofgeneraalskap F3, F8 en F11**

*AL VYF FEESTE WORD TOEGESPREEK DEUR*

**DR. HANS VAN RENSBURG**

*EN*

**ADV. JOHN VORSTER**

★ Maak seker dat u een van die feeste bywoon ★

★ *Aantreklike programme word op elke plek gereël* ★

***ALLE AFRIKANERS WELKOM***

# OFFISIERE LUISTER NA K.G.---ETLIKE AMPTENARE BY

**Die grootste offisiersvergadering wat die afgelope sewe jaar in Kaapstad byeen was, het verlede week in die Ebenezersaal, Maitland, geluister na die Kommandant-generaal, dr. Hans van Rensburg. Die K.G. het die onmiddellike en toekomstaak van die O.B. uiteengesit. Dit was 'n geslote vergadering.**

Die saal was van kant tot kant gevul met offisiere en enkele brandwagte. Daar was ruim 300 aanwesig en hoewel slegs offisiere tot sover as Worcester en Swellendam bevel ontvang het om aanwesig te wees, was daar ook offisiere uit die Sandveld en vanaf die walle van die Oranjerivier aanwesig.

Onder die aanwesiges was daar 'n aansienlike aantal staatsamptenare wat na sewe jaar se ballingskap weer met 'n offisiersrangteken op die arm kon pronk. Van hulle het ook aan die bespreking deelgeneem en verklaar dat hulle bly is om weer terug te kan wees in die geledere van die Ossewabrandwag.

Die K.G. is geesdriftig toegejuig. Nadat hy die politieke toestand verduidelik het, het baie offisiere vrae met die oog op inligting gestel.

### GESKENK

As 'n blyk van dankbaarheid vir die wyse leiding wat die K.G. in die afgelope maande aan die O.B. gegee het en vir sy bydrae tot Afrikanersamewerking, het hfkomdt. H. J. Steyn namens die kammondo van Vasco, 'n goue ring met 'n O.B.-wapen daarop gegraveer, aan die K.G. oorhandig.

Die O.B.-blaasorkes onder bevel van komdt. S. J. Swanepoel het lewendige marsmusiek voor en gedurende die verrigtinge gelewer. Die Gebiedsleier van Wes-Kaapland, dr. F. du Toit van Zyl, was die voorsittende offisier. Ds. Brink van Sutherland het die verrigtinge met gebed geopen, terwyl hfgenl. P. R. Retief die K.G. bedank het. „Ons het met bewondering opgesien na u leiding en ons wil u verseker dat baie van ons in die gebed aan u dink en daarom die vertroue het dat u deur Hoër Hand gelei word", het genl. Retief gesê.

## Vrye Onderwys In Kaapland

Vanaf Oktober sal daar vrye onderwys tot standard tien of tot negentien-jarige ouderdom in Kaapland wees, volgens 'n ordonnansie wat verlede week deur die Kaaplandse Provinsiale Raad geloods is. Die Uitvoerende Komitee oorweeg tans ook die invoer van verpligte onderwys.

# BREË SAMEWERKING MET BEHOUD VAN IDENTITEIT

## Pleidooi In Dagbreek

**Onder die opskrif „Bestaande partyverband nie genoeg" skryf „Kaalkop" — die skuilnaam van 'n bekende Afrikaner — in Dagbreek as volg oor die huidige politieke samestelling in Suid-Afrika:**

Ongeveer agt jaar gelede, toe die Ossewabrandwag op sy hoogtepunt was, het skrywer hiervan dit gewaag om êrens te skrywe: „Die Ossewabrandwag is nie genoeg nie."

Dit is toe spoedig algemeen as waarheid aanvaar, maar sedertdien het ek my saam met andere verder gedronge gevoel om te waarsku: „Die Herenigde Party of enige party is ook nie genoeg nie."

Hierdie waarheid is intussen reeds só ver erken dat die Herenigde Party, wat eers „op eie pote" die oorwinning wou verkry, nou die Afrikaner-party vir die afgelope verkiesingstryd met hom verbind het.

En blykbaar het hierdie verruiming dadelik groot en vir die Afrikanerdom oor die geheel verblydende sukses gehad. Maar ook nou op die hoogtepunt van hierdie party-triomf moet dringend beklemtoon word: „Die Afrikaanse party-verband alleen is nog nie genoeg nie."

### VOLK

Daar is ander mense wat dit ook besef, maar wat skynbaar meen dat hulle die gevoelde leemte kan aanvul deur eenvoudig die groepe buite die eie party of persone, veral Engelssprekendes, by ander partye uit te nooi om by die party aan te sluit of vir die party-verband te stem. Daar is egter selfs meer as dit nodig; nodig is dat die partyverband homself uitbrei tot volksverteenwoordiging. Dit is noodsaaklik, dit is wenslik, maar dit is ook maklik moontlik.

Inderdaad, alle omstandighede is nou daarvoor gunstig: die geleentheid bied homself aan; hy moet maar net deur die leiding van die oorwinnende partye aangegryp word, na aanleiding van die erkende feit dat hulle nie voldoende volksteun of parlementêre steun (om nie eers van buitelandse simpatie te praat nie) het om die gewenste regeringsbeleid met krag te kan deurvoer nie.

### DUIDELIKE RIGTING

Ook die rigting waarin die oplossing vir hierdie betreklike dooiepunt gesoek moet word, is deur die uitslag van die verkiesing duidelik aangewys. Want in die eerste plek was die verkiesingsuitslag 'n goedkeuring van Afrikaner-eenheid in die politiek. Dit is slegs nodig om hierdie eenheid volkome te vervul deur dit ondubbelsinnig uit te brei ook tot Afrikaanssprekende groepe buite die twee Afrikaanse partye, groepe wat inderdaad baie te doen gehad het met die voorlopige sukses van die party-verband. In die tweede plek was die verkiesings-uitslag 'n afkeuring van die liberalistiese rassebeleid. Dit is slegs nodig om hierdie afkeuring ten volle te laat deurwerk deur aan buitestaande, veral Engelssprekende volksgroepe 'n gelykwaardige grondslag te gee van waaruit hulle kan deelneem in 'n algemene volksuitspraak daarteen.

### IDENTITEIT

Laasgenoemde is alleen moontlik deur ander partygroepe en veral sodanige waarin Engelssprekendes sterk verteenwoordig mag wees, hetsy reeds bestaande of nog te stigte, uit te nooi om met behoud van identiteit en met volle gelykwaardigheid saam te werk in 'n waarlik volksverteenwoordigende politieke verbond. En as dan só die partyorganisasie verruim is tot volksorganisasie, vanweë die oorwinnende party-leiers, deur alle enersgesinde Afrikaner-groepe in te skakel of slegs te erken en dan verder ook simpatieke buitestaande partygroepe, wat veral die Engelssprekende en stedelike bevolking sal verteenwoordig, dan sal dit sin hê om 'n herverkiesing te hou en daardeur die grondslag te probeer lê vir 'n volksregering wat sterk genoeg sal wees om Suid-Afrika die gevaarvolle, maar ook geleentheidswangere toekoms in te lei — 'n toekoms waarin die Afrikanerdom Engels- sowel as Afrikaanssprekende Afrikaners saamverbonde in volkseenheid sal bevat en insluit.

## Soos Ons Lesers Dit Sien

### Nuwe Tydperk Aan Kom

**Mnr. P. C. Kruger, Blinkwater, P.K. Stoffberg, skryf:**

Genl. Smuts se toesprake in Engeland en Holland herinner my sommer aan baie dinge; veral dat die O.B. en die Nuwe Orde se taak nog ver van klaar is. Reeds so ver terug as in 1930 het ek verklaar dat die nasies besig is om 'n oorgangsperiode deur te maak, van een staatsvorm na 'n ander omdat die oue uitgedien is. Of die oue nou goed was of sleg en of die nuwe nou goed gaan wees of sleg, maak nie saak nie. Vir my van belang is dat daar 'n oorskakeling aan die gang is. En dit het veldm. Smuts baie lank geneem om dit te besef. Die mislukte oorlog het hom dit eers laat besef en daar is nog baie wat dit nie besef nie en in dié verband sal die O.B. nog baie oortuigingswerk moet doen.

Toe veldm. Smuts gedurende die oorlog aangekondig het dat die Westerse nasies gereed is om Europa in te val, het ek aan hom geskryf dat dit nie verkeer is om dit te doen nie, maar die doel moet wees om Rusland te gaan stuit. Dit sal net betyds wees. Veldm. Smuts het seker gedink ek is nie by my volle verstand nie en hy het kant vir die Kommuniste gekies en Duitsland, die bolwerk teen kommunisme, platgeslaan. Hy het die Kommuniste met hul duiwelse evangelie se wapens geseën. Nou wil hy kommunisme stuit met 'n moontlike Derde Wêreldoorlog.

En nou die verkiesing: Dit het gegaan oor die kleurvraagstuk en nou verwag ons dat dit opgelos moet word. Ons dring almal op apartheid aan, maar hoe kan dit gedoen word met die bestaande Grondwet? Genl. Hertzog het teen die artikel in die Grondwet gebots wat aan die nie-blankes stemreg gee en dat twee-derdes van die volksraad vir 'n verandering moet stem.

Op die oomblik is daar geen hoop dat twee-derdes daarvoor sal stem nie. Al uitweg wat daar is is om soos Ierland te maak en 'n grondwet op te stel wat die oue kanseleer, en 'n Republiek uit te roep. Maar kan dr. Malan dit nou waag? Ons sal moet sien. Dr. Malan het meer op hom geneem as wat hy onder omstandighede tot uitvoer kan bring.

### AMPTENAAR SE DANK

Mnr. J. J. Esterhuizen, Klerksdorp skryf:

Graag wil ek langs hierdie weg die K.G. hartlik dankie sê vir sy wyse besluit om die spoorwegamptenare destyds eervol te ontslaan toe Jan Smuts met sy noodregulasies in die nood was. Ek is nog nie weer lid van die O.B. nie maar ek hoop om dit binnekort weer te wees, want die huidige regering lyk nie vir my so in die nood soos die vorige nie.

Ek wil ook langs hierdie weg my dank uitspreek teenoor mnr. Havenga en dr. Malan vir die leiding wat ek van hulle ontvang het gedurende die tyd wat ek deur die Veldmaarskalk van my leier, dr. Van Rensburg afgesny was. Ek dank ook adv. Swart vir my kamerade wat hy uit die tronk ontslaan het. Laat die Oppenheimers liewers as om protesvergaderings te hou, vra dat ook dr. Holm wat honderde van die waarheidsridders bang gepraat en dus verhoed het om by die leër aan te sluit, vra dat hy ook los gelaat word ten einde hom 'n kans te gee om hierdie land te help organiseer teen die Kommunisme. Nogmaals hartlik dank aan min. Swart. En lank lewe die K.G.!

### Dankdag

**Mnr. J. Bezuidenhoudt, P.K. Ohrigstad, skryf:**

Nou dat die Afrikaners die oorwinning behaal het, wil ek die regering nader met die vriendelike versoek om tog op 10 Oktober, die verjaardag van pres. Paul Kruger, 'n dankdag uit te skryf. Op 10 Oktober 1899 is daar oorlog verklaar tussen die twee Boere-republieke en Engeland en nou dat die Here ons gewys het dat ons nie die oorwinning met die wapen kan behaal nie, moet ons hom nie dank dat ons die oorwinning nou met sy hulp kon behaal het nie?

# K.G. Spreek Offisiere In Natal


**Na 'n kort kennisgewing het om en by 150 offisiere verteenwoordigende die hele Natal, 'n offisiersvergadering naby Dundee bygewoon wat deur die K.G., dr. Hans van Rensburg, toegespreek is. Die vergadering is gehou by hfkomdt. G. de Jager, berig ons korrespondent.**

Die K.G. het die offisiere onder voorsitterskap van genl. C. A. Pienaar toegespreek oor die politieke situasie en die taak van die Afrikanerdom.

Verskillende aspekte van die toekomstaak van die O.B. is behandel, wat ook saamgevat is in 'n berig van die K.G. se toespraak voor Kaapstadse offisiere.


## Is Medisyne Noodsaaklik?

*Die Natuurwetenskap sê nee!*



Die Bron van Siekte

**BEKAMP SIEKTE MET DIE JONGSTE WETENSKAPLIKE METODES**
**Met Verbasende Uitslae**
**GEEN MEDISYNE!**
**GEEN OEFENINGE!**

**Die Hardnekkigste Kwale swig**

Die wetenskap het nou uitgevind dat sodra 'n besmette liggaamsdeel skoongemaak word van sy gif of onsuiwerhede, die siekte verdwyn. Deur die toepassing van ons wetenskaplike metodes het dit nou 'n maklike taak geword.

Dit maak nie saak hoe ernstig of aanhoudend u kwaal is nie — selfs al is dit as chronies of ongeneeslik bestempel. Daar is hoop vir u. Geen medisyne of oefeninge benodig nie. U sal onder geen verpligting staan nie. Skryf aan ons en verstrek volledige besonderhede in verband met u kwaal.

THE SCIENTIFIC HEALTH INSTITUTE
**Posbus 1336 — KAAPSTAD**




Maak u eie STENE met die

KLEINE WONDER

SEMENT-STEENMAAKMASJIEN

Die „KLEINE WONDER" stel u instaat om sementstene te maak op die plek—soveel as wat nodig is, waar en wanneer hul nodig is. Daarbenewens stel die welgevormde, volkome reghoekige standaardgrootte „Kleine Wonder"-stene die messelaar in staat om baie meer stene per dag te lê en minder pleister (messelkalk) te gebruik. Die pleisterer spaar ook tyd en pleisterkalk omdat daar nie ongelyke dele is om op te vul nie. Die „KLEINE WONDER" sonder onderdeel kos slegs



£20 v.o.s. Hopefield. Onderdeel £10 ekstra maar enige stewige stellasie kan vir hierdie doel gebruik word.

**Handelsnavrae word verwelkom**
**Voortrekkerstraat, Hopefield.**
**Posbus 18. Telegramme „BUHR"**

J. H. BUHR

(3)

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 3/- per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**
Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/6 per** 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na **VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.**

# Nederlanders Tas Mis Omtrent Verkiesing

**Die reaksie op die uitslag van die verkiesing in Suid-Afrika was oor die algemeen nie te gunstig hier in Nederland nie, skryf mnr. Dion Kempff uit Amsterdam. Eers is ook aangekondig dat veldm. Smuts 'n groot oorwinning behaal het, maar die berig was ietwat voorbarig en moes later verbeter word. Die kritiek op die uitslag was baie uiteenlopend, en getuig in sommige gevalle van groot onkunde.**

Hy skryf: As voorbeeld van die menings wat hier uitgespreek is, wil ek aanhaal uit 'n bekende en vooraanstaande blad hier in Nederland, n.l. Elseviers Weekblad. Onder die datum van 5 Junie skryf die blad o.a.: „Die geval van Suid-Afrika staan nie alleen nie. Dit is een van die verskynsels van die verbrokkeling van die Britse Ryk. 'n Ryk is meer as 'n magsposisie. Dit is 'n deel van die struktuur van die wêreld . . . . Nie meer seker van Britse gesag, Britse ordening, Britse rus en orde, het Suid-Afrika kant gekies vir die mees egoïstiese chauvinisme. Vir die wêreld is dit geen voordeel nie." So word die volk van Suid-Afrika aangekla.

**DR. MALAN**

In 'n ander artikel onder die opskrif „D. F. Malan, die onversoenlike" en subhoof „Anti-Britse, Anti-Joodse en Anti-Neger" laat die blad hom ewe sterk uit:

„Malan . . . 'n sombere, prosaïese man wat jy selde sien lag, in wie die haat teen alles wat Brits is of was, bly voortbrand. . . . . Hy bejeen sy teenstander Smuts met minagting wat in tye van politieke opskudding gelyk is aan haat . . . Malan se pro-Duitse gevoelens gaan gepaard met sterk anti-Joodse gevoelens . . ." So gaan die betoog teen dr. Malan aan.

Dan volg daar 'n stuk oor dr. Malan en die kleurkwessie en hier is dit werklik erg want dit toon 'n totale wanbegrip van ons land, asook van die Afrikanerstandpunt:

**VERJAAG**

**„Hy is gekant teen die verdere emansipasie van die naturelle en in hul indringing in die stede sien hy 'n dodelike gevaar vir die samelewing van die ‚witmense'. Sy bevel sal wees: ‚Terug na die kraal! Die naturelle wil hy streng in reserwes afgeskei hou van die blankes. Met verbystering vra mens jouself af watter afskuwelike toekoms hierdie mense wag op die uitgeputte droë gebiede wat hulle toegewys sal word . . . . .** Die blanke arbeiders, die winkeliers en die laagbesoldigde ambagslui het hulle bedreig gevoel. Dit was hulle wat Malan verkies het en Smuts weggejaag het . . . . "

# Wenk Om Die O.B. te Stuur Aan Koerante

**ONKUNDE**

Dit is egter genoeg van die verbysterende onkunde oor toestande in Suid-Afrika. Maar ons dra ook 'n groot deel van die skuld. Ons is tevrede om met mekaar te baklei terwyl ons liewer moet saamstaan en die wêreld vertel van ons standpunt. **Die Nasionale Afrikaner moet sorg dat ons opinie wêreldkundig gemaak word in alle lande. Maar laat ons hier in Nederland, ons stamland, begin.**

**STUUR DIE O.B.**

**Die minste wat die Afrikaner kan doen is om te sorg dat sy koerante en tydskrifte in die buitewêreld kom en gelees word. Ons moet sorg dat daar minstens tien eksemplare van Die O.B. weekliks by elke belangrike koerant in Nederland aanland sodat hulle van ons standpunt kan verneem.** Ek sal instaan vir die versending van een eksemplaar van ons blad en daar sal seker ook ander wees wat dit stellig sal wil doen. Die voorbeeld kan dan ook deur ander Afrikaanse koerante gevolg word.

Ons sal onsself ook daardeur bou, want as ons weet dat Nederland en die wêreld van ons hoor en op ons let, sal ons sorg dat hulle die regte dinge van ons hoor.

**STERK RADIO**

Die Nasionale element is aan die bewind, en ons moet sorg dat die buiteland op ander maniere van ons verneem as deur middel van wie weet watter nuusagentskappe. **Laat ons ook 'n radiosender kry wat hoorbaar is in die buiteland en dan kan ons hulle in allerlei tale vertel wat die posisie in ons land is. Ons word dood gepropaganda van oral oor en ons maak self geen propaganda nie.**

Die stuur van blaaie na Nederland kan opgevolg word deur die uitwisseling van koerante en tydskrifte sodat ons in ons land eerstehandse inligting ontvang van wat hier gebeur. So kan die standpunt gedurig gevorm en verryk word, en kan verhoed word dat ons 'n bevooroordeelde en hardnekkige houding inneem ten opsigte van sekere feite en gebeurtenisse.

**'N PLIG**

**Laat ons dit nou doen.** Stuur aan die redakteur u bydrae, en dan sal ons verder sorg dat die blaaie hier na die regte plekke

(Vervolg op bls. 3 kol. 3)

## VERLOWING

**BURNETT—LOMBARD.** — Anna, jongste dogter van mnr. en mev. H. Lombard en Frikkie (Komdt. B8A1) enigste seun van die weduwee A. S. Burnett van Port Elizabeth, maak hiermee aan alle Brandwagte, vriende en familiebetrekkinge bekend, dat hulle Saterdag, 20 Junie verloof geraak het. 30/6/1B.

## DOODBERIG

**VAN DYK.** — Onvergeetlik sal vir ons bly die vroeë môre-ure van 23 Junie 1948, toe die Heer van ons weggeneem het my dierbare eggenoot en ons geliefde vader, Josef van Dyk.

Vader, u stem is stil,
U plek is leeg,
Maar ons sal swyg,
Want dit was U wil, o Heer.

Sy treurende eggenote, kinders en kleinkinders. 30/6/1B.

## IN MEMORIAM

**DU TOIT.** — Onvergeetlik en hartverskeurend sal 30 Junie 1946 altyd vir ons bly, toe ons dierbare en liefling eggenote en moeder, Marie, ons so skielik deur die dood ontruk is. Ons treur maar vergeet ook nie die heerlike weerontmoeting wat ons inwag. — Diep verlangend, haar Eddie en kinders, Bredasdorp. 30/6/1.

## IN MEMORIAM

**UYS.** — Met liefdevolle herinnering aan ons liefste Moeder. U verlangende seuns Hendrik en Nicolaas. 30/6/1B.

## BENODIG

Weens siekte genoodsaak om weer te adverteer vir een aktiewe voorman met ondervinding van algemene boerdery op 'n Karoo-plaas. Kennis van skape 'n eerste vereiste. Meld ouderdom, ondervinding en salaris verlang.— **A. VILJOEN,** Bloemhof, **Richmond,** K.P. 23/6/3

## BOME, PLANTE EN SAAD

**GOEWERMENTSGESERTIFISEERDE** Donker Detroit Beetsaad 5/-, Chantenay Wortelsaad 7/6, Silver King Uiesaad 8/6 per lb. Posvry. Vra pryslys van **PREMIERS,** P.K. Schoemanshoek **Oudtshoorn.** 21/4/TK

**LUSERNSAAD.** — Vars saad, standaard gehalte. Doddervry. £9 per sak, 203 lb., gelewer Oudtshoornstasie. K.M.B. — **D. S. DU TOIT,** P.K. Armoed, Distrik Oudtshoorn. 14/4/TK

**ROOSBOOMPIES, WINGERDSTOKKIES, Ens.** vir 1948-planttyd. Skryf om gratis pryslys aan LA MOTTE-KWEKERY, P.K. LA MOTTE. 18/2/TK

## GEMENG

**GRAFSTEENMAKERS.** — Vir gewaarborgde tevredenheid tree in verbinding met die **S.A. GRAFSTEEN EN MONUMENTWERKE (EIENS.) BPK.** van Voortrekkerweg 360, Maitland. (Onder persoonlike aandag van ons Best.-Direkteur, mnr. Jannie Cillie). Telefone—5-4420 en 5-02823.

## VAN'S CONCRETE PRODUCTS

**ALLERLEI** — Waterspoel-rioolstelsels, vloerteëls en gepolitoerde terrazzo-kombuisopwastafels en artikels essensieel vir gerief, higiëne en netheid. Volle besonderhede skrywe:— **VAN'S CONCRETE PRODUCTS (EDMS.) BPK.,** Potgieterstraat 258, Pretoria. 3/12/TK.

## MEUBELS

**MEUBELS.** — Beter meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte ens. ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. **—VISSER-MEUBELS,** Langstraat 291, Kaapstad. 3/12/11.

## OORTREK VAN KNOPE

Stuur Materiaal na **Mev. C. Meyer,** Posbus 60, **Christiana.** 1/- grootte 2/3 per dosyn, 3d. grootte 2/- per dosyn. K.M.B. Sluit drie pennies vir posgeld in. 30/6/2B.

## RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, **PAROW,** verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.

## TE KOOP

**BOERE, AANDAG!** — Uitverkoping van voorraad nuwe klere en skoene, asook tweedehandse militêre klere, elke Saterdagoggend by **NICK NEETHLING,** Lady Greystraat, **PAARL.** Foon 1253. 12/5/TK

## SOUT TE KOOP

**BOEK** u bestellings vir vroeë aflewering sodra sout verkrygbaar is: A1, £4; No. 1, £3/15/-; No. 2, £3/10/-, per ton; 100 pond fyn bottersout 6/-, vrygelaai Soutwerke. Bestel: **Komdte. mev. MARTIE VENTER,** P/sak No. X4, Arbeidsloon, Bloemfontein. 5/5/TK

## 'N WAARDERING †

Namens sy opregte vriende lê genl. H. J. du Toit, Brandwag, Rhenosterkop hierdie kransie op die graf van wyle oud-Komdt. Kalie van der Westhuizen:

Ons was geskok toe ons die tyding kry dat ons geliefde vriend en kameraad, Kalie van der Westhuizen so skielik oorlede is. Graag wil ons iets sê van hom.

Hy was een van die stigters van die O.B. hier op Beaufort-Wes, en was ons kommandant op die dorp. Getrou en gedissiplineerd soos min Afrikaners. Op hom kon jy altyd staatmaak.

Ons het hom vreeslik gemis toe hy enkele jare gelede van hier vertrek het na Die Strand. Daar het ons verneem was hy net so werksaam in belang van die O.B.

Dit was vir ons altyd 'n inspirasie om by hom te kom; al was hy ver weg van ons het ons hom nooit vergeet nie, en altyd geweet hy is op sy plek. Nou is hy vir altyd weg: maar ons sal sy werke nie vergeet nie.

Al die kommando's hier treur oor hom. Sy heengaan is 'n groot verlies vir die O.B.

Die O.B.-lede hier voel almal saam met sy dierbare eggenote en kinders in die swaar verlies. Volg sy voorbeeld na.

**Pretoria-Mark**

**PRINSLOO EN VENTER**
**MARKAGENTE**

**Van der Waltstraat 268**
**Posbus 361 - Foon 2-2208**

**PRETORIA**

(Mede-eienaar en Bestuurder: J. P. BOTHMA)

●

**Garansie van £2,500 by die Staat**

●

**Probeer ons vir beter diens!**

*SKRYF OM GRATIS*
★ *ETIKETTE*
★ *MARKVERSLAE*
*ENS.*

# Woningnood Bied Buitekanse Aan Spekulante

**Dit wil voorkom asof die pryse van vaste eiendomme geen neiging toon om te daal nie. Eiendomsagente ondervind nog steeds dat hulle gevra word om dieselfde huise twee keer binne ses maande van die hand te sit en elke keer is die prys waarvoor dit verkoop word tot £800 en selfs £1,000 meer as waarvoor die eienaar dit ses maande vantevore gekoop het.**

Selfs kaal, onbeboude persele wat kort gelede nog toegegroei was onder vuilgoed verwissel binne 'n kort tyd van eienaars. In 'n onderhoud is aan die O.B. verklaar dat 'n kaal perseel teen die voet van Tafelberg onlangs teen £1,000 aangekoop is en terwyl die eienaar besig was om die bome uit te kap, het hy 'n aanbod daarvoor ontvang wat hom £400 wins daarop besorg het.

Daar is vandag baie meer huise in die mark as 'n tyd gelede maar die pryse wat hiervor gevra word, is almal buitensporig hoog. Daar is blykbaar mense wat hulle daarop toelê om met vaste eiendom te spekuleer en as gevolg hiervan die pryse van eiendomme in die hoogte ja.

GROOT WINS

'n Eiendomsagent het aan Die O.B. verklaar dat hy onlangs 'n klein huisie teen £1,335 gekoop het. In dieselfde week wat hy dit gekoop het, het hy 'n aanbod van £1,600 gekry. Hy het egter nie verkoop nie en nadat hy herstelwerk ten bedrae van £150 aangebring het, het hy dit van die hand gesit teen £1,950.

Aan Die O.B. is verklaar dat tensy daar iets buitengewoons gebeur die moontlikheid baie klein is dat die pryse van vaste eiendomme sal verminder. Alleen wanneer daar weer genoeg huise is, sal die pryse van eiendomme moet daal, aldus die verklaring, en die tekort vir Kaapstad op die oomblik is nagenoeg 70,000 huise vir blankes.

# Het U Al 'n Intekenaar Gewerf?

**VUL ASSEBLIEF HIER IN**

Die Bestuurder,
Voorslag (Edms.) Bpk.,
Posbus 1411,
KAAPSTAD.

Waarde Heer,

Neem asseblief my naam op as intekenaar op Die O.B. tot ek u in kennis stel om toesending te staak. Hierby ingesluit vind u die bedrag van.............................. vir die eerste..............................maande.

NAAM: ..........................................................
(Naam en Adres in Blokletters)

POSADRES: ..........................................................
..........................................................
..........................................................

..............................
*Handtekening.*

Intekengeld: 12/6 per jaar of 6/6 per halfjaar.
*Voeg asseblief Kommissie by plattelandse tjeks.*



**WEES BESKERM!**
***MOTOR-Assuransie by—***
**•SANTAM•**
**SUID-AFRIKAANSE NASIONALE TRUST EN ASSURANSIE MPY., BPK.**
**Takke dwarsdeur die Unie.**

DIE
Boere Jeug
AMPTELIKE ORGAAN

BYVOEGSEL TOT DIE O.B. VAN WOENSDAG, 30 JUNIE 1948.

# JAN HENDRIK HOFMEYR
## „Onse Jan''

**Op 4 Julie herdenk ons die geboortedag van Jan Hendrik Hofmeyr, beter bekend as „Onse Jan". As politikus, sakeman, joernalis, en stryder vir die Afrikaanse taal, het hy vir sy volk veel beteken, nieteenstaande daar soms gemeen word dat hy nie vurig genoeg vir die Boeresaak gestry het nie.**

Gebore op die familieplaas, „Welgemeend" in Kampstraat, Kaapstad, het Jan Hofmeyr sy skoolopleiding aan die bekende Hollands-mediumskool, „Tot Nut van 't Algemeen", geniet, en daarna aan die South African College.

Op sewentienjarige leeftyd was hy reeds redakteur van 'n Hollandse nuusblad, en gee ook later 'n eie tydskrif uit. Deur middel van sy blaaie, oefen hy veel invloed uit, veral op die plattelandse bevolking. In 1879 word hy parlementslid vir Stellenbosch, en die „vergunning" om die Hollandse taal in die skole te leer (1882) was grotendeels aan sy ywer te danke.

**POLITIKUS**

Die Afrikanerbond, waarvan Hofmeyr tot aan sy dood die onbetwiste leier was, het hy oorspronklik as 'n Boere-organisasie gestig. Onder die Britse parlementêre stelsel gaan dit egter later oor tot 'n sterk politieke party wat ook kragtig gesteun is deur die taalstryder, ds. S. J. du Toit.

Deur die hegte organisasie van die Bond, het Hofmeyr 'n wapen geskep wat hy dan ook met groot sukses kon gebruik vir die Afrikanersaak in die Kaapse politiek. Vanaf 1878 tot 1909 het hy meer as enige ander leier, vir die Afrikanergroep in Kaapland die rigting aangewys, want by sy groot talent vir leierskap, was hy taktvol, en het 'n breë ontwikkeling en mensekennis besit.

**RHODES**

Sy optrede as kampvegter vir die Transvaal ná die anneksasie van 1877 deur Shepstone, en gedurende die eerste Vryheidsoorlog, het baie daartoe bygedra om sy invloed onder die Afrikaanssprekendes te verstewig. Hy het besef dat hy die maksimum kon bereik deur self buite die kabinet te bly en die „steunmetode" toe te pas t.o.v. ander politieke groepe. Hieroor het sommiges hom egter van pro-Britse optrede verwyt.

Samewerking met Rhodes het hom ook in 'n mate van die Republieke vervreem, maar ná die Jameson-inval van 1895 het hy alle konneksies met Rhodes, wat nou geblyk het 'n ware wolf in skaapsklere te gewees het, verbreek. Voorheen was hy heeltemal te goeie trou want hy het hom altyd sterk beywer vir samewerking tussen Afrikaanssprekendes en Engelssprekendes in Suid-Afrika.

Na 1902 het „Onse Jan" sy groot persoonlike invloed behou. Hy is in Londen oorlede as lid van die afvaardiging wat die Suid-Afrika-wetsontwerp na Brittanje geneem het.

# Die Taalmonument Te Burgersdorp

Op 15 Junie 1882 is verlof toegestaan om die Hollandse taal op skool te leer. Hoewel dit toe nog deur medium van Engels moes geskied, was dit tog een van die eerste oorwinnings waardeur ons taal tot sy reg sou kom. Onderstaande is 'n deel van **Alma Pistorius van Brits** se deelname aan VUURSLAG se monumentewedstryd verlede jaar — dit handel oor die Taalmonument te Burgersdorp.

„Dat Holands in die parlement gepraat mog word, was 'n oorwinning wat op 1 Mei 1882 behaal is deur die N.G.-Sinode. Ter herdenking van die oorwinning is besluit om 'n taalmonument op te rig, en Burgersdorp is vir dié doel aangewys. Op 17 Januarie 1893 is die monument deur oom Daantjie van der Heever onthul. Gedurende die Tweede Vryheidsoorlog is dit weggevoer. Die algemene idee was dat dit in die see gegooi is. In Maart 1939 is dit weer by King Williamstown opgegrawe — sonder kop en arm, erg beskadig.

„Die monument bestaan uit 'n vrouebeeld met 'n tablet in haar linkerhand waarop staan: „Vrijheid voor de Hollandsche Taal". Aan haar voete lê 'n lam, en groei 'n druiwestok, — simbolies van twee van ons vernaamste nywerhede. Op vier plate staan 'n kort opsomming van die Taalstryd."

**ANTWOORDE OP „WIE KAN SÊ?"**

1. C. J. Langenhoven.
2. Sagmoedige Neelsie.
3. Op 13 Augustus 1873, op die plaas Hoeko in die distrik Ladismith, K.P.
4. Advokaat.
5. Joernalis, Lid van die Provinsiale Raad, Lid van die Volksraad, Senator.
6. Ds. M. L. de Villiers.
7. Hy is op 31 Julie 1885 in die Paarl gebore. Vandag woon hy op Wellington.
8. Walter Spiethoff, Stephen Eyssen, Nico Hofmeyr, P. J. Lemmer, Arnold van Wyk, S. le R. Marais, Dirkie de Villiers, Stefaans Grové.
9. S. H. Eyssen.
10. „Uit die Chaos van die Eeue".

## Werk Vir Fondsdag

**Is jy besig met iets vir jou veldkornetskap se 8 Augustus tafel? Onthou die vakansie is 'n gulde en laaste geleentheid om hierdie plig na te kom! Maar dis nie juis 'n „plig" vir ons nie, is dit? Kom ons noem dit liewer 'n „lekker".**

## *Vir Die Dogters*

# AANDGEREGTE

**Aangesien ons reeds die dun, middelmatige, en dik witsous kan maak, en ons ook al 'n paar resepies met die middelmatige witsous probeer het, gaan ons nou met die dik witsous eksperimenteer. Ons gebruik dit hoofsaaklik vir wat ons noem „soufflés".**

**EIER-SOUFFLÉ:**

**Benodigdhede:**

2—3 E. Botter, 3 E. Meelblom, 1 K. Melk, Sout, Bietjie Peper, 2—3 Eiers.

**Metode:**

1. Maak 'n dik witsous van die botter, meelblom, melk en sout en peper.

2. Haal af van stoof en meng die goedgeklopte eiergele daarin.

3. Klits die wit van die eiers styf en vou in die mengsel.

(L.W. nie sommer roer nie — dan roer mens al die lug uit wat ingeklits is.)

4. Smeer die boom van 'n bakskotteltjie en bak die soufflé daarin in 'n matige oond (300—350 grade F.) vir sowat 'n halfuur.

**VARIASIES:**

1. Vir 'n **Kaas-soufflé**, voeg sowat 1 K. gerasperde kaas by die witsous net voor dit van die stoof gehaal word. Dit gee 'n baie lekker geur aan die skotteltjie.

2. **Vis-soufflé:** Meng 'n koppie fyn gaar vis (wat bv. oorgestaan het van die vorige maaltyd) of 'n paar orige fyngedrukte viskoekies by die witsous voor die eier ingeroer word.

3. **Vleis-soufflé:** Neem orige fyn gaar vleis i.p.v. vis.

4. **Groente-soufflé:** I.p.v. vleis of vis, neem 1—2 koppies gaar groente wat oorgebly het van die middagete.

In die laaste drie gevalle sal kaas in die mengsel baie bydra tot die lekker geur en smaak. Julle kan nou natuurlik ook allerlei variasies self probeer of van die tipes wat hier genoem is, kombineer.

Die vakansie is hier en die skoolwerk kan dus opsy geskuif word. In plaas daarvan gaan ons onsself in die huis besig hou om meer aangaande die huishouding te leer. Probeer dan gerus hierdie aandgeregte, en kyk of die familie nie 'n mosie van volle vertroue in die kok gaan instel nie. Moet dan net nie vergeet om sout in te gooi nie, want julle weet mos, dan sê hulle: „Die kok is verlief!"

## *WIE KAN SÊ?*

1. Wie het „Die Stem van Suid-Afrika" gedig?
2. Onder watter skuilnaam het hy soms geskryf?
3. Wanneer en waar is hy gebore?
4. Waarvoor het hy hom aan die Victoriakollege te Stellenbosch bekwaam?
5. Watter ander praktyke het hy beoefen?
6. Wie is die komponis van „Die Stem van Suid-Afrika"?
7. Waar en wanneer is hy gebore en waar woon hy vandag?
8. Kan jy dink aan nog 'n paar belangrike Suid-Afrikaanse komponiste?
9. Watter van hierdie komponiste het ook 'n toonsetting vir „Die Stem van Suid-Afrika" gekomponeer?
10. Watter volkslied sing ons vandag op hierdie toonsetting?

# PLAKBOEK VAN VOLKSHELDE

**Verlede week het ons een en ander oor Huishoudkundeplakboeke gesê. Ander tipes plakboeke waarin dogters ook baie belang sal stel en wat terselfdertyd van groot praktiese nut, veral in die later lewe, sal wees, is uitknipsels i.v.m. Blomkwekery en -rangskikkings, breiwerk, borduurwerk, en ander naaldwerk-patrone.** Kies 'n rigting (of meer as een) waarin julle baie belangstel, en waar jul dan artikels of illustrasies in verband daarmee raakloop, lees julle dit sorgvuldig deur, en as dit geskik is, word dit uitgeknip (indien dit in so 'n boek is waaruit ons maar mag knip!) en in die boek geplak. As julle dit nie mag uitknip nie, teken dan die inhoud in kort aan, al is dit net in die vorm van 'n paar wenke.

**DIE BOEK**

Oor die spesifieke tipe boek wat ons gaan gebruik, is nog niks gesê nie. Dit sal natuurlik afhang van hoe ernstig jul die versameling aanpak en hoeveel stof jul reken om in hande te kan kry. As julle bv. van plan is om 'n deeglike stukkie werk van die Huishoudkundeplakboek te maak, sal julle dit jul lewelank gebruik (al trou jy nie!) en sal dit dus die moeite werd wees om 'n groot hardebandboek daarvoor te kry. Vir blommerangskikkings egter, sal 'n gewone tekenboek baie geskik wees (dit sal meestal uit illustrasies bestaan).

**SEUNS**

**Julle het seker tot hiertoe nie veel belanggestel nie, né Boereseuns? Maar ek is seker baie van julle het pragtige plakboeke van volkshelde, monumente, nuusberigte, wêreldfigure, Suid-Afrikaanse plante en diere, natuurtonele, nywerhede, grappe, ens.** Sulke plakboeke kan natuurlik ook ewegoed deur dogters begin word, maar sal vir hul miskien nie van soveel praktiewe waarde wees soos die bogenoemdes nie.

**Vir plakboeke oor wêreldfigure sal jul die koerante moet dophou. So 'n boek kan later van groot waarde wees as julle dit deeglik doen en so volledig moontlik probeer hou. Dis beter om liewer 'n sekere groep mense te kies en dit deeglik te doen, as om 'n te wye veld half te dek, bv. net politici, of net komponiste, of net digters, of net sportmanne.**

Prente van Suid-Afrikaanse en ander helde wat al dood is, sal jul in tydskrifte kry. Soek ook daar vir stof i.v.m. plante, diere, natuurtonele, nywerhede, monumente, ens.

'n Boek waarin allerlei interessante wetenswaardighede, goëltoertjies, en probleme, geplaas word, sal veel pret oplewer, en 'n versameling goeie grappe en oorspronklike speletjies kan altyd te voorskyn gebring word op 'n kampvuur, uitstappie, of dergelike geleentheid. Diegene wat lief is vir handewerk, sal veel baat vind daarby om aanwysings vir die maak van allerlei nuttighede te bewaar, bv. in die lyn van blikwerk, kartonwerk, kristalstelle, fynsaagwerk, boekbindery, gipswerk, leerwerk, ens.

**Vir die kunstigaangelegdes kan die tema miskien wees: Beeldhoukuns, argitektuur, beroemde skilderkuns, ens.**

En hiermee is die onderwerpe vir plakboeke nog glad nie uitgeput nie. Ek sal bly wees as seuns en dogters wat alreeds met sulke plakboeke besig is, aan ons wil briewe skryf waarin hul aan andere nuttige wenke in verband daarmee kan gee. Diegene wat meer besonderhede verlang, kan gerus ook maar van hulle laat hoor. As ons sien daar is belangstelling in hierdie onderwerp, sal ons 'n wedstryd vir die beste plakboeke uitskryf met aanloklike pryse. Ons adres is: Die Jeughoofkommandante, De Klerkhuis, P.U.K., Potchefstroom.

**GESAMENTLIKE PLAKBOEKE**

Gesamentlike plakboeke word ook sterk aanbeveel. In so 'n geval werk die korporaalskap of assistentveldkornetskap saam aan een boek, wat dan die eiendom van die Boerejeug bly vir toekomstige gebruik. Dit sal bv. uiters geskik wees om so 'n boek te begin waarin aangeteken word hoe julle allerlei artikels maak, vir 8 Augustus of andersins. Dogterseenhede sal dan aanwysings vir die maak van veldruikertjies, lapspeelgoed, ens. hierin plak. Kleingoed sal besonderhede i.s. lekkergoedbakkies aanteken, en seuns weer houtwerkartikels, radios, ens.

# AMPTENAAR WEER OUTOMATIES LID

**„Staatsamptenare wat gedurende 1941 eervolle ontslag uit die O.B. ontvang het, het nou weer outomaties lid van die Ossewabrandwag geword," het die K.G., dr. Hans van Rensburg, by geleentheid van 'n Offisiersvergadering in Kaapstad verklaar.**

Die K.G. het verklaar dat duisende aktiewe lede van die O.B. deur die noodregulasies uitgeskakel was. Offisiere moet dadelik hul lidmaatskapkaartjies aan hulle uitreik, tensy hulle self verkies om nie meer lede van die O.B. te wees nie, in watter geval dit aan die Gebiedskantore gerapporteer word. Dit het reeds onder die aandag van die O.B. gekom dat verskeie staatsdiensamptenare veral spoorwegamptenare weer aktief ingeskakel is by die Beweging. Sommige beklee reeds die rang van offisier en is besig om lede in te skryf.

## Parlementêre Front

(Vervolg van bls. 1, kol. 4)

staan spr. 'n keerpunt. As ons ons koppe hou en ons kaarte reg speel, kan die Afrikanerdom (in die sin van „Suid-Afrika Eerste") vir die volgende twee geslagte verseker wees. Indien ons foute maak en die stroom teen ons keer, is dit moeilik om te voorspel wanneer ons volk weer 'n kans sal kry. Die Afrikanerdom het deur sy twee partye 'n oorwinning behaal van slegs vier meerderheid. Net twee tussenverkiesings ten gunste van die opposisie en daardie oorwinning is uitgewis. Hierdie regering kan dus nie so aanhou regeer nie, en hy sal sy posisie moet versterk met 'n nuwe verkiesing wat enige tyd binne agtien maande kan plaasvind.

GAAN DEELNEEM

Daardie verkiesing sal vir ons volk vir 'n lang tydperk deurslaggewend kan wees. 'n Groot oorwinning sal beteken dat die uitheemse Empire-magte wat hul besieling in genl. Smuts gevind het, organisatories verslaan sal wees. Daarom is daar so baie op die spel by die volgende verkiesing, en durf die O.B. nie afsydig daarteenoor staan nie. Die onmiddellike nood vir ons volk is op parlementêre gebied. Die O.B. het 'n verantwoordelikheid teenoor die volk. Daarom gaan hy die regering steun na die beste van sy vermoë. Ons durf daarom geen aktiewe kragte oningeskakel laat bly in hierdie stryd nie. Alle kragte moet ingeskakel word nie net met die stemdag nie, dog ook in die fase wat vooraf gaan.

O.B.-IDENTITEIT

Ons skakel die O.B.-kragte in met volle behoud van identiteit, en hoewel dit by een van die twee regeringspartye (die H.N.P.) nie moontlik is nie, is dit wel moontlik by die ander een, die Afrikanerparty. Waar die Ossewabrandwag nie welkom is nie, spreek dit vanself dat ons verbystap na die deur wat vir ons oopstaan. Spr. het al tevore 'n beroep gedoen om dit te doen, en hy wil sy beroep vanaand dringend herhaal: Skakel almal wat nie gewetensbeswaar het nie in by die parlementêre stryd waar dit gedoen kan word met behoud van die O.B.-identiteit, m.a.w. in die Afrikanerparty.

BELANGRIKE REDE

Daar is ook 'n ander belangrike punt wat dit vir die O.B.-lede maklik maak om by die Afrikanerparty aan te sluit, en dit is dat die Afrikanerparty 'n Uniale organisasie is en

(Vervolg in kol. 4)

## Kommuniste In Israel

Die Kommunistiese Party het reeds sy kop uitgesteek in die nuwe Joodse staat, Israel. Na aanleiding van die wapenstilstand tussen die Jode en die Arabiere in Palestina het die sekretaris van die Kommunistiese Party, Samuel Mikunis, verklaar dat graaf Bernadotte, verteenwoordiger van die V.V.O. wat die wapenstilstand bewerkstellig het, slegs 'n verteenwoordiger is van die Brits-Amerikaanse imperialisme.

## Gevolg Van Oorlog Vir ‚Demokrasie'

**Min mense besef vandag dat die huidige leiers van die Kommuniste in Europa dieselfde persone is wat die Kommunistiese troepe gedurende die Spaanse Burgeroorlog aangevoer het. Destyds kon hulle met die hulp van Stalin nie daarin slaag om Spanje onder die Kommunistiese hiel te plaas nie, maar vandag is hulle die Kommunistiese base van Europa.**

**Dimitrof, die rooi leier van Bulgarye, Gottwald, die Kommunistiese baas van Tsjeggo-slowakye, Tito, rooi diktator van Joego-Slawië; Nenni, Vittori, Longo, Scotti en Vittario, die rooi leiers van Italië — al hierdie here was aanvoerders van rooi troepe gedurende 1936 in Spanje. — (Independent Nationalist).**

## Russiese Offisiere Help Jode

Majoor Salah Bizra, Siriese skakeloffisier vir die Arabiese Legioen, verklaar dat vyftig Russiese bevelvoerders aan die hoof van Joodse eenhede in Noordelike Palestina staan. Ander Russiese offisiere is by ander Joodse eenhede ingeskakel, aldus die verklaring.

Volgens majoor Bizra word hierdie Russiese militêre leiers ingesmokkel as immigrante en vermom soos gewone burgerlikes. Die Turkse pers verleen al 'n hele tyd lank groot prominensie aan berigte waarin gemeld word dat Russiese offisiere saam met die Jode veg. Besorgdheid is ook uitgespreek oor die houvas wat kommunisme in die Midde-Ooste gekry het. Baie van die Joodse leiers is afkomstig uit die Kommunistiese Balkan. (Independent Nationalist.)

## OFFISIERE VAN GEBIED F.



**Genl. M. M. Smith, Organiserende Stafhoof van Gebied F, en genl. P. W. Buys, Administratiewe Stafhoof van dieselfde Gebied.**

NUUSBERIGGIE

Op die jongste Direksievergadering van Saambou (Permanente) Bouvereniging is dr. M. S. Louw, besturende direkteur van Sanlam, gekies tot voorsitter van die direksie van Saambou (Permanente) Bouvereniging en mnr. Gerard Moerdyk as vise-voorsitter.

# Kommando Het Al Byna £300

**Die vroue-kommando van Malmesbury het reeds meer geld vir O.B.-dag ingesamel as wat die manne- en vroue-kommando van Malmesbury verlede jaar gesamentlik bymekaar gemaak het, na komdte. C. F. Lombard Die O.B. meedeel.**

**Die vroue het reeds £245 ingesamel met die geld wat hulle verdien het deur ontvangste by huwelike waar te neem. Hierby moet ook nog die geld getel word wat deur gebak en handwerk verdien is. Verder word daar nog op 13 Augustus (voorlopige datum) 'n O.B.-funksie gehou met die O.B.-verjaardagviering, terwyl die geld van die manne-kommando ook nog by die totale bedrag getel moet word. Na gemeen word sal die O.B. van Malmesbury vanjaar sowat £300 vir O.B.-dag kan** stort, wat £100 meer is as verlede jaar.



**Komdte. mev. C. F. Lombard wat op die oorspronklike gedagte gekom het om met behulp van haar flukse vroue ontvangste te reël by huweliksgeleenthede en daarmee hul kommandofonds reeds met 50 persent bo verlede jaar se syfer opgestoot het.**

Die hoofinkomste van die vroue, so vertel mev. Lombard, word verkry uit die huweliksontvangste. In haar pogings geniet sy die volle ondersteuning van haar brandwagte wat deur hul onvermoeide ywer en geesdrif verantwoordelik is vir die sukses en lewering van die benodigdhede.

Die vroue van Malmesbury het gevind dat handwerktafels, asook tafels vir speelgoed, nie so betalend is nie. Hulle is dus vanjaar van voorneme om 'n baie groot vleistafel by hul verkoping te hê.

## Sit U Stil?

**Laat elke lid van die O.B. dit hierdie jaar sy taak maak om intekenare op ons blad te werf. Honderde lede van die O.B. het reeds intekenare gewerf en stuur nog daagliks name in. Gaan u ook help of is u tevrede om stil te sit?**

## Administrasie Van ‚Die O.B.' Voortaan Alles In Kaapstad

**Sal lesers en adverteerders asseblief daarop let dat alle advertensies vir „Die O.B." en korrespondensie in verband daarmee vanaf 1 Julie gerig moet word aan Voorslag (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kaapstad en nie meer na Pro Ecclesia, Posbus 28, Stellenbosch nie.**

**Ook word weer daarop gewys dat alle stukke vir en briefwisseling met die Redaksie, asook intekenings en adresveranderings na die bostaande adres te Kaapstad gestuur moet word en nie na Stellenbosch nie.**

**Die kantooradministrasie van „Die O.B." is nou in sy geheel in Kaapstad gevestig.**

# ENGELSE PERS ERKEN POLITIEKE GEVANGENES AS EERBARE PERSONE

**Selfs die giftige Engelse pers wat sedert die loslating van die politieke gevangenes geen steen onaangeroerd gelaat het nie om die indruk te skep dat die losgelatenes vuil misdadigers was en die woorde „politieke gevangenes" voortdurend in aanhalingstekens geplaas het, moet nou in hul poging om die loslatings van die vorige regering te regverdig, erken dat die gedrag van hierdie manne in elke opsig perfek was en dat hulle die dade onder die druk van politieke omstandighede gepleeg het.**

**In 'n ontleding van die politieke gevangenes was losgelaat is, toon die Cape Argus aan dat die gedrag van die manne voorbeeldig was en by harhaling word gekonstateer: „Die gedrag in die tronk was perfek". Ander gevangenes het weer verantwoordelike poste beklee en in haas elke geval het die manne opskorting van hulle vonnisse ontvang op grond van hul goeie en voorbeeldige gedrag in die gevangenis.**

**Die blad trek ook 'n dik streep deur sy eie insinuasies dat die manne geen politieke gevangenes was nie, deur in die ontleding van elke geval aan te toon dat hulle die dade gepleeg het „onder die druk van politieke omstandighede" of met „politieke motiewe".**

**Hierdie feite oor goeie gedrag gedrag wat die Cape Argus ongevraag verskaf, en die feit dat talle van die gevangenes in die tronk verder studeer het en selfs meestersgrade behaal het, onderstreep opnuut watter kaliber manne die stryd teen die Empire aangebind het. Met elke daad het die manne besef dat hulle hul eie lewens op die altaar lê, maar selfs dit was vir hulle geen afskrikking in die diens van hul vaderland nie.**

(Vervolg van kol. 1)

nie federaal nie. Dis nie 'n party, waar elke provinsie 'n eie beleid ten opsigte van die O.B. kan volg nie. Spr. hoop dat 'n Grootraadsvergadering spoedig gehou sal word om hierdie saak te oorweeg, want vanaand praat hy op eie verantwoordelikheid. Indien die Grootraad leiding gee, wil spr. hoop dat alle O.B.'s onverwyld die leiding sal volg. „Die tyd word kort!"

## Sal Vasstel Waarom Die Gesinne Klein Is

Die Ekonomiese en Maatskaplike Planneraad is tans besig om 'n opname te maak van die faktore wat die grootte van blanke gesinne in Suid-Afrika beïnvloed. Die opname is voorlopig tot Pretoria beperk.

Hoewel die Unie se geboortesyfer hoër is as in baie dele van die wêreld, is dit tans baie laer as 50 jaar gelede. Veldwerkers word uitgestuur om inligting van gesinne te verkry. Hiervolgens sal die raad sy gevolgtrekkings maak.

Hierdie ondersoek is seker van die belangrikste en dringendste wat die raad nog aangepak het omdat die ontwikkeling van die land afhang van 'n gesonde gesinsgroei.